

EK WEET GOD BESTAAN EN GEE VIR MY OM

LEES AS GROEP Psalm 8

Lees elkeen in stilte weer Ps 8. Gaan sit langs Dawid. Kyk deur sy oë na die skepping en **antwoord dan die volgende vrae in die groep:**

1. Hoe kom jy agter dat God bestaan?
2. Hoe weet jy dat God vir jou omgee?

LEES SAAM:

Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 2. Die middele waardeur ons God ken

Ons ken God deur twee middele:

Eerstens deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld. Dit is immers voor ons oë soos 'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid, duidelik laat sien, soos die apostel Paulus sê (Rom 1:20). Al die dinge is genoegsaam om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontnem.

Tweedens maak Hy Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend en wel soveel as wat dit vir ons in hierdie lewe tot sy eer nodig is en tot saligheid van hulle wat aan Hom behoort.

Lees bogenoemde nog 'n keer deur en bespreek die volgende:

1. Op watter maniere maak God Hom aan ons bekend?
2. Hoe het jy al in die natuur ervaar dat God bestaan? Vertel mekaar.
3. Sê elkeen hoe die Here al met jou deur die Bybel gepraat het.

***GEBED: Onthou asseblief om as groep en as individu aan te hou bid vir reën,
maar ook dankie te sê vir die reën wat reeds geval het***